THE SHOE MINISTRIES

Phone: 087 1488 610
Mobile: 0763032102 (Whatsapp)
Email: info@theshoe.org
Web: www.theshoe.org
Web: theshoeminstries.com

P.O. Box 206
Ohrigstad
1122
Limpopo



4 Julie 2023

Aan al my Afrikaanse mense

Ek het die dood van my bure, Anneke en Hennie Claassen baie persoonlik op geneem want ek bid vir ons mense se veiligheid saam met al die ander kinders van die Here en glo dat ons bo-natuurlik beskerm word volgens die Bybel. Maar nou die *moord*! Ek het afgesonder want daar moet iets wees wat ons nie verstaan nie want God is altyd regverdig.
As ‘n mens dorp toe ry is jy onmiddellik vies vir die munisipaliteit wat sonder integriteit paaie verwoes en pot gate wat mense se lewens in gevaar stel. Ek hoef nie verder uit te brei nie, ons voel almal magteloos. Elke keer wat ek dorp toe ry moet ek op my tande kners en selfbeheer. Met al die dinge wat in ons regering aan gaan met die polisie se onbevoegdheid is ek toe na die Here toe, vasbeslote om ‘n antwoord te kry. Ek vra toe die Here wanneer gaan Hy nou iets doen, dit is tog die Here wat die regering in plek gesit het en ons moet dit so aan vaar.

Onmiddellik het ek die klein stem hoor sê: “Ek gaan niks doen nie, Jy gaan dit doen”. Verder het ek ook verstaan dat God ongeregtigheid haat.

Op die manier word ek gelei na Psalm 1 hoe dat God hulle seën wat die Woord van God dag en nag mediteer. Dit sê dat alles wat ons doen sal voorspoedig wees en ons sal ons vrugte voortbring in seisoen.

Psa 1:3: “En hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.”

Maar nie so met die godelose mense nie!

Psa 1:4: “So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.”

Daar is altyd hierdie patroon in die Bybel. Mense wat die gebooie van God nakom is gesëen die wat dit nie doen nie is vervloek.

Rom 1:18: “Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk.”

Directors: Dr Ronald van Zyl (Chair), Mrs Yvonne van Zyl (Treasurer), Mrs Michell Botha, Mr Aldo JG van Zyl

Ek het deur die jare baie dinge in geloof vermag saam met my familie en ons het geleer om die Woord te praat vroeg in ons geestelike groei. 'n Mens moet sê wat God sê. In Psalm 103 leer ons dat die Engele is gehoorsaam aan God se Woord. As ons nie die Woord praat nie maar sê wat ons sê in ons eie vrese en haat het die Engele niks om te doen nie. Die Woord van God skep. God praat nie meer nie, Hy het Sy Woord gegee en ons praat lewe oor die saad wat ons saai en kyk deur die oog van geloof na die oes asof dit reeds op gekom het. (Heb.11)

Dit alles word ek aan herinner terwyl ek Psalm 1 lees. Daarna moes ek Psalm 2 lees. In die Psalm is die hele wêreld teen God maar God lag daaroor want Hy plaas sy Koning op die berg met 'n twee snydende swaard. Die swaard is die Woord van God. Dit wil sê die persoon (die koning) moet die Woord praat. Volgens die Bybel is ons konings en priesters (lees Petrus) en ons lewe op die berg as ons in Christus is. (lees Heb.12:22)
Hierna word ek gelei na Deuteronomium 28. Ek lees graag die seëninge en vat dit vir my self, ek spreek dit uit oor die vir wie ek bid. Dit is 'n maklike manier om vir mense te bid, maar ek lees nooit regtig die vloeke nie want ek wil niemand vervloek nie.

Maar ewe skielik besef ek dat die *vloeke is ook God se Woord*. Die woord is 'n tweesnydende swaard. Dit sny al twee kante toe. Maar die seëninge is net vir hulle wat vir die Here hulle God lief is met hulle hele hart en siel en alles in hulle ----en vir hulle naastes lief is soos vir hulle self.

Na die moord was ek so kwaad en gereed om te veg en hier is my antwoord. Hulle wat lief is vir die Here hulle God----is die geseëndes. Alles wat hulle doen is geseënd. God berei sy mense voor om te regeer in munisipaliteite in die regering en ander posisies om ons land weer te laat funksioneer. *Maar nie so vir hulle wat nie lief is vir die Here hulle God, nie,* <u>hulle</u> is vervloek (lees die vloeke ook). Hulle is vervloek as hulle in kom en vervloek as hulle uit gaan. Jy is nie lief vir jou medemens as jy nie jou paaie heel maak wat noodlottige ongelukke veroorsaak nie. Vervloek is die moordenaars ens...lees die vloeke, dit is God se Woord. Vra die Heilige Gees om jou te leer bid. Ons regering erken dat hulle boos is, en daarom is hulle vervloek maar iemand moet dit sê. Ek dink ek het my hele lewe 'n halwe gebed gebid. Almal geseën maar nooit die booshede aan gespreek nie want ek het nie geweet hoe om dit te doen nie.
In die Ou Testament het die Israeliete hulle vyande fisies aangeval en in meeste gevalle alles vernietig. In die nuwe Testament is die oorlog in die gees. Ons gebruik die Woord. Die Bybel sê dat niks vir ons onmoontlik sal wees nie. Lees byvoorbeeld Markus 11:23,24,25. Dit is nie ons wat lewe nie maar Christus in ons. Ons is versteek in Christus. (Kol.3:3) Ons moet op tree soos Jesus sou. Omdat Hy gevul was met die Gees van God het Hy die dooies laat op staan, siekes genees en die storms het Hom gehoorsaam.

As jy hierdie soort oorlog wil voer moet jy seker maak dat jy jou geestelike wapenrusting dra. (Efesiërs 6) Dit is ook baie belangrik dat jy jou hart bewaak. Na die moord is mense vreesagtig en ander haat. Dit help in elk geval nie. Ons het dit al probeer dit werk nie, die land kom nie reg nie. Boonop is vrees, haat, oordeel en die ander dinge van die vlees wat in Galasiërs 5:19 genoem word 'n sondige toestand in jou hart. God seën dit nie. Die hart is God se eiendom, ons het ons harte vir die Here gegee nou mag ons dit nie gee vir vrees en haat nie. Ons moet ons harte bewaak. (Spreuke 4:23) Voordat jy oorlog voer moet jou hart rein wees, dit moet die Here wees wat veg in jou. As jy nie die dinge verstaan nie, en graag wil deel neem om 'n verandering te maak in ons land kom na Die Skoen toe, ons sal jou help.

Directors: Dr Ronald van Zyl (Chair), Mrs Yvonne van Zyl (Treasurer), Mrs Michell Botha, Mr Aldo JG van Zyl

Ons bied daagliks begeleide toere aan waarin ons almal wat wil luister leer hoe om hulle harte te bewaak en hoe om outoriteit te neem. As jy net wil kom sit en gesels is jy ook welkom.

Geseënd is jy wat die Here jou God lief het!
Ron van Zyl